




MATLABAS CUSTODIANS

PROTECT | DEFEND | IMPROVE

NUUSBRIEF 2020



MATLABAS PLAASWAG GROEI

Matlabas Plaaswag het uitgebrei en Thabazimbi se ledetal groei . bl. 02



MATLABAS
PROTECTION CONNECTION
THE SAFEST POINT OF VIEW

STATISTIEK 2020

Kyk gerus na die positiewe statistieke wat gedurende 2020 behaal is. bl. 03



MATLABAS
CONSERVATION
INITIATIVE

TERUGBLIK OP 2020

Watter impak het die grendelstaat op renoster stropery gehad? bl. 04



MATLABAS
IMPROVEMENT MOVEMENT
FOR OUR PEOPLE

NUWE PROJEKTE

Die Covid-19 grendelstaat het 'n geweldige ekonomiese impak gehad, maar te midde van hierdie krisis het ons mense weer bewys dat ons kan saamstaan in nood en 'n verskil maak. bl.05

BEPLANNING

Die bestuur van Matlabas Custodians is baie opgewonde oor wat 2021 inhou. Lees meer hieroor op bl. 06





THABAZIMBI MATLABAS PLAASWAG

Matlabas Plaaswag word in Thabazimbi reeds baie sterk verteenwoordig.

Binne die bestek van 1 maand is daar reeds 106 lede wat gereëld aan diens meld.

Indien daar enigiemand is wat nog graag wil aansluit, kontak gerus vir

Gert Snyman 083 295 1284

NUWE BUURTWAG

Matlabas Plaaswag is opgewonde oor die positiewe groei in ons ledetal en dis met groot waardering dat ons aankondig dat Thabazimbi dorp nou ook deel uitmaak van die Plaaswag Patrolleerders.

Gedurende Oktober en November is beplanning gedoen om ook met patrollies binne-in Thabazimbi dorp te begin. Daar is vergaderings gehou met verskeie rolspelers en die dorp is vir eers in 8 sektore verdeel, elkeen met 'n koördineerder en 2iB.

Daar word nou gereëld patrollies gery deur hierdie lede, waarna daar terug gerapporteer word op die Plaaswag operasionele groep. Op die 27ste November is daar verskeie padblokkades gehou in samewerking met alle SAPD takke binne die Matlabas Plaaswag gebied.

Hierdeur word gepoog om deur middel van sigbare polisiëring die vlag misdade hok te slaan, veral nou met die "silly season" wat op hande is tydens die Desember vakansie.

“

“We have always held to the hope, the belief, the conviction that there is a better life, a better world, beyond the horizon.” – Franklin D. Roosevelt



MATLABAS PROTECTION CONNECTION

Vir Matlabas Protection Connection word die jaar 2020 gekenmerk deur ongelooflike groei en uitbreiding.

Die Limpopo *server* het tans 239 LPR/ANPR kameras en ten minste nog 12 wat binnekort opgerig sal word.

Daar is ook hande gevat met Brits.

Die Noordwes *server* het tans 41 LPR/ANPR kameras en daar is nog verskeie kameras wat binnekort opkom.

Die stelsel lees tans meer as 3,5 milj voertuie per maand.

Meer as 14 gesteelde voertuie is net in Desember 2020 gevind, waarvan verskeie gelei het tot arrestasies. Die stelsel het ook bygedra tot verskeie arrestasies met betrekking tot gewelds- en prioriteits misdade soos renoster stropery, gewapende roof, koper en wild diefstal.

Daar is menige gevalle waar die stelsel kon waarsku sodat daar pro-aktief opgetree kon word en sodoende renoster stopers, wild-, koper-, sowel as voertuig diewe vasgetrek is voordat hulle kon toeslaan.

Ons word ook binnekort deel van 'n nuwe projek genaamd E2. Dit is 'n offisiële gesamentlike misdaad bevegtings inisiatief tussen SAPS, Business Against Crime SA (BACSA) en die privaatssekuriteit industrie (PSI). Dit is reeds in 4 provinsies geïmplementeer.

STATISTIEK

MATLABAS PROTECTION CONNECTION SUCCESSES	
ACTION	TOTAL 2020
STOLEN VEHICLES FOUND AND SEIZED	69
CLONED NUMBERPLATES	125+
STOLEN ITEMS FOUND - VALUE	R1 007 500,00
SUSPECTS ARRESTED - VARIOUS CRIMES	71+
CAMERAS:	
TOTAL OF LPR/ANPR CAMERAS ON NORTHWEST SERVER	41
TOTAL OF LPR/ANPR CAMERAS ON LIMPOPO SERVER	239



PROTOSPAN

Die Matlabas Protospan het gegroei na 30 manne wat regoor die Matlabas Plaasweg gebied verspreid is.

Hulle is 'n ongelooflike span wat toegewyd is om ons te help om ons gemeenskap veilig te hou. Hulle word toegerus met die nodige kennis in toneelbewaring, wette, noodhulp en baie meer. Die volgende twee opleiding sessies is reeds geskeduleer vir vroeg in die nuwe jaar.

Ons werk hard daaraan om ons Protospan toe te rus om die gemeenskap beter te beveilig, maar ook om hulself veilig te hou. Hierdie jaar het hulle koeëlvaste baadjies en noodhulp sakke ontvang.

(Foto links) Sommige lede se baadjies is oorhandig met die Dankie-sê-Braai wat by Tarentaalpan gehou is op die 14de November 2020.

TERUGBLIK OP 2020

Op 11 Februarie is 'n vergadering gehou met alle belangstellende renostereienaars. Dit sluit in die groot reservate, kleiner privaat reservaat eienaars asook privaat renoster eienaars.

Die doel hiervan was om 'n gemeenskaplike intelligensie kanaal te skep waardeur ons alle inligting wat van toepassing is kan deel.

WATTER IMPAK HET DIE GRENDELSTAAT OP RENOSTER STROPERY GEHAD?

Gedurende die eerste helfte van 2020 het renoster stropery landswyd met 53% gedaal tot 166. Soos met alle bedrywe het die grendelstaat ook ongelukkig 'n negatiewe finansiële impak op talle parke en reservate gehad, wat die renoster sekuriteit kan beïnvloed. In die ander hand het ons tans ook meer finansiële desperate stropers as ooit. Dit bring ons op hierdie oomblik in 'n baie moeilike situasie, en ons verwag meer renosters stroop pogings as normaal gedurende hierdie fesseisoen.

“

"Conservation is a cause that has no end. There is no point at which we will say our work is finished." - Rachel Carson



DAMES OPLEIDING

Plaasaanvalle het geen vermindering in tempo en erns getoon tydens die grendelstaat nie. Daar is inteeendeel gedurende 2020 weereens 'n toename in plaasaanvalle gemeld. Ons is baie geseën om in 'n area te woon waar ons baie beter af is as die meeste van Suid-Afrika.

Ons moet altyd parraat wees, ons moet seker wees dat ons sover dit binne ons mag is, ons onself en ons geliefdes kan beskerm.

Daar is nie 'n beter tyd as nou om weer ons gemeenskappe saam te roep en die broodnodige opleiding te bied, sodat ons, ons huis en ons hard kan beskerm.

Daar is opleidingsdae gereël vir Thabazimbi, Thaba Tholo, Makoppa, Dwaalboom, Sentrum en Matjesfontein. Op 12 Desember is die laaste van hierdie opleidingsdae op Thabazimbi gehou.

Daar is ongelooflike positiewe terugvoer ontvang hieroor en ons wil graag vir elkeen wat betrokke was, wat dit moontlik gemaak het, dankie sê.

“

*Alone we can
do so little,
together we can
do so much.
- Helen Keller*

KOSPROJEK

Gedurende die Covid 19 pandemie was ons in die bevoorregte posisie om te help met die verspreiding van oor die 6 ton wildsvleis en 26 ton vars groente en 14 ton ander kruidentersware.

Alhoewel die hoeveelheid gesinne aan wie ons kospakkies uitdeel, aansienlik verminder het, is die nood nog groot en word kos en/of geldelike skenkings nog grootliks waardeur.



NUWE PROJEKTE

Te midde van al die hartseer wat met die Covid-19 grendelstaat gepaard gegaan het, kon ons darem bietjie vreugde ook uitdeel in die vorm van die Pakkies met Passie Projek.

Ons wil ons opregte dank uitspreek teenoor elke liewe persoon wat hierdie projek moontlik gemaak het.

Op die 26ste November het die SAVF vir Bosveld oord, Sonskyn oord en Immergroen 'n bejaarde ete aangebied. Op die 9de Desember is daar 'n kerspartytjie vir die kinders gehou waar elkeen 'n geskenkie gekry het. Dankie ook vir Jacques Blaauw van Spur wat gesorg het vir die kinders se kospakkies. Opregte dankie ook aan al die dames by SAVF wat uit hul pad gegaan het om hierdie kinderhartjies bly te maak.

Op Kersdag sal Tambotie se bejaardes met 'n kersete trakteeur word. Hul geskenke is ook reeds uitgedeel. Die vreugde op hul gesigte vir elke liewe geskenkie is so kosbaar en dis ons hartswens dat ons hierdie vreugde aan elkeen van ons ondersteuners kan oordra.



“
"Eer aan God
in die hoogste
hemele en vrede
op aarde, in die
mense 'n
welbehae!"
Lukas 2:14



KERS BOODSKAP

Ons staan in die laaste snikke van 'n ongelooflike uitdagende jaar , 'n jaar om nooit te vergeet nie.

Ons kan nie bekostig om die lesse wat ons geleer het gedurende 2020 nie op ons harte te skryf nie.

Ons het geleer dat niks behalwe ons God 'n sekerheid is nie.

Ons het geleer dat ons meer afhanklik is van mekaar as wat ons dink, dat ons sterker saam is, en dat ons kan saamstaan as die nood druk.

Ons is bevoorreg om deel te wees van die Matlabas gemeenskap.

Ons bid dat elkeen van julle gedurende hierdie feesseisoen ongekende vrede, liefde en seën sal ervaar saam met julle geliefdes. Mag Jesus die middelpunt van al jul feesvieringe wees.

Baie dankie vir julle bydraes deur die loop van 2020. Julle het Matlabas Custodians gedra en laat groei teen 'n ongekende pas. Dankie vir elke wyse woord, vir al julle ondersteuning en samewerking om ons gemeenskap 'n beter plek te maak!

Mag God vir 2021 vir elke storm 'n reënboog gee, vir elke traan 'n glimlag, vir elke bekommernis 'n belofte en 'n antwoord op elke gebed.

Matlabas Bestuurspan -groete

BEPLANNING 2021

2021 beloop om 'n jaar vol opwindende nuwe projekte te wees.

'n Aanlyn-veiling word beplan vir die 3de en 4de Maart. Die veiling word aangebied deur Wildswinkel. Verdere inligting sal binnekort volg.

Nog selfverdedigings opleiding word beplan, nie net vir ons dames nie, maar ook vir mans en kinders wat belangstel.

Noodhulp kursusse gaan aangebied word.

#Pakkies-met-Passie wil graag in Januarie skoolbenodighede aankoop vir sowat 50 behoeftige kinders.

Daar sal vroeg in die nuwe jaar 'n kalender uitgestuur word met die beplande datums.

